

1 Vandag bid ons vir Gail Dippenaar wat verjaar. Vra die Here om haar te seën en te lei en dat sy goeie gesondheid sal geniet.

2 Terwyl ons vandag die Internasionale Kankeroorlewensdag (*International Cancer Survivors Day*) herdenk, bid ons vir TWR-personeel en luisteraars wat met kanker gediagnoseer is, en vir familieledes wat aan kanker ly.

3 Vandag is die Internasionale Dag van Onskuldige Kinders - Slagoffers van Aggressie. Bid asseblief dat God gemeenskapsleiers sal lei en ouers se oë sal open oor skadelike kulturele praktyke wat onskuldige kinders se lewens affekteer.

4 TWR-aanbieder, Thulani Mdletshe, verjaar vandag. Ons bid God se rykste seën af op sy lewe en dat elke dag gevul sal wees met blydschap.

5 Dank die Here vir die bykomende FM-stasies in die provinsie KwaZulu Natal (*KZN*) in Suid-Afrika wat *Sakha Indonda*, 'n Zoeloe-program vir mans, uitsaai.

6 Ons dank God vir kinderprogramme wat nou in meer gebiede van KZN uitgesaai word via addisionele FM-netwerk stasies. Bid dat Zoeloe-kindere in die provinsie hoop sal vind deur hierdie uitsendings.

7 Ons dank die Here vir die suksesvolle inhuldiging van die Zoeloe luisteraarsgroep wat na *Amazwi Okuphila (Thru the Bible)*, luister op 'n sekulêre FM-stasie wat die program uitsaai in Pietermaritzburg.

8 Vra die Here vir groei in die interaksie met luisteraars en luisteraarsgroepe van ons Zoeloe-programme.

9 Loof die Here vir die suksesvolle aanstelling van aanbieders vir die TTB-Igbo- en Baoule-tale. Bid vir wysheid vir hulle en die produksie spanne in Nigerië en Abidjan tydens hierdie vyfjaar produksie.

10 Vandag is die Wêrelddag vir die Bevegting van Woestynvorming en Droogte. Ons bid veral vir die boerderygebiede in Afrika-lande waar daar nog droogtetoestande heers. Ons is dankbaar vir lande wat aktief betrokke is in die bekamping van verwoestyning in Afrika. Mag God hul pogings seën en hul land herstel.

11 Loof God vir die Afrikaanse *Thru the Bible*-program *Die Bybel vir Vandag*, wat deur Kanaal 7 in Namibië uitgesaai word. Dank die Here vir hierdie wonderlike geleentheid om die Afrikaanssprekende gemeenskap te bereik en die radiostasie se bereidwilligheid om die program uit te saai.

12 Bid asseblief vir die radio-uitsendings na Nigerië, dat luisteraarsgetalle sal toeneem en dat meer siele die Here sal leer ken deur die boodskappe.

13 Junie is jeug-maand in Suid-Afrika. Ons loof die Here vir jongmense wat na TWR-programme luister. Bid dat meer jeugdige hulle harte sal open vir die Woord van God en dat hulle redding sal ontvang deur die boodskappe van hoop.

14 Vandag is Wêreld Vluchteling-dag. Dank die Here dat TWR se uitsendings Afrika-vluchtelinge bereik waar hulle ook al in die wêreld geleë is. Bid dat God hulle sal vertroos terwyl hulle na die programme luister in hul hartstaal.

15 Dank God dat TWR spesiale programme vervaardig en wêreldwyd uitgesaai het tydens die Koronavirus pandemie.

Vra die Here om gesinne te vertroos wat geliefdes verloor het.

16 Vandag is Jeugdag in Suid-Afrika. Bid vir die produksie van TWR-programme wat dieper in die probleme van jongmense en kinders sal ingaan. Bid dat die radioprogram, *Hope for our Children*, gesinne sal bedien waar die ouers afwesig is.

17 Dit is nou winter vakansie vir skole in Suid-Afrika. Bid dat reisigers op ons paaie veilig sal wees en dat gesinne sal inskakel op TWR se programme.

18 Prys die Here vir die drie FM-stasies wat *The Way of Righteousness*-programme in die Nubiese taal in Oos-Afrika uitsaai.

19 Bid vir die *Knowing God* dramareeks wat die Suba volk in Noord Tanzanië in die Kiswahili taal bereik. Ongeveer 130 000 mense kan na die program luister en die geleentheid kry om hul lewens aan Christus te gee en in hul geloof te groei.

20 Vra dat die Here die TWR Wes- en Sentraal-Afrika programvervaardigers sal lei in die samestelling en produksieproses. Mag die aanbieding in Wes-Afrikaanse tale die harte van luisteraars bereik en siele na die Koninkryk trek.

21 Vandag bid ons vir ons nasionale vennote in Afrika wat programme beskikbaar stel in die hartstale van hul onderskeie streke.

22 Laat ons bid dat mense in Wes-Afrika wat nie vir Jesus ken nie, sal instem op ons programme.

23 Gottfried Schiele, Direkteur van Tegnieëse Dienste by TWR Africa, verjaar vandag. Ons vra dat die Here hom sal toevou met liefde, moed en krag. Mag God hom en sy gesin seën.

24 Vandag verjaar Angelika Haberkorn. Vra dat die Here haar naby sal wees en sal lei in haar taak in die Luisteraarsdienste-Afdeling by TWR.

25 Die wêreld vier vandag Internasionale Dag teen Dwelmmisbruik en Onwettige Handel. TWR Women of Hope se dramareeks, *Hidden Treasures*, spreek kwessies aan waar vrouens onderhewig is aan mensehandel. Bid vir wyer dekking van ons uitsending in Afrika.

26 Bid vir ons vennote in Afrika wat help met die vervaardiging van programme in meer as 82 tale.

27 Na 19 jaar van TWR-uitsending, het TWR-luisteraars in Malawi 'n nuwe sender op 91.4 FM geborg vir luisteraars in Karonga en omliggende streke. Prys God vir die wyer dekking in Malawi.

28 Bid vir ons medewerkers in sommige Afrikalande wat gevangenskap in die gesig staar, omdat hulle enigste 'oortreding' is dat hulle in Jesus Christus glo en die Goeie Nuis met hulle medeburgers wil deel.

29 Bid vir TWR Nigerië se spesiaal ontwerpte projek, *Catch Them Young*, vir uitreik na jongmense.

30 Prys die Here dat die TWR-radiobediening in Angola steeds 'n kragtige platform is om die evangelie na mense in afgeleë en armer gebiede te neem.